## LENTEDANKFEES 2017

Ons Lentedankfees is om die draai! DV op 1 September 2017 vanaf 17:00 hou ons weer in en om kerksaal lekker basaar! Vanaf 10:00 sal daar reeds 'n TEETUIN wees waar heerlike drinkgoed, koek en tert geniet kan word. Pannekoek sal ook vanaf 16:00 by die teetuin te koop wees. Die speletjies vir die kinders begin om 16:00 en die ouers kan dan in die teetuin kuier totdat die basaar om 17:00 open. Ons wil u almal nooi om lekker te kom saamwerk en saamkuier. Dit is hier waar ons mekaar beter leer ken en lekker bande smee. Ons gee vir u al die konvenors se telefoonnommers en vra vriendelik dat u sal skakel om u hulp aan te bied—ons het elkeen se hulp nodig!

- KLEINKOEKIES: Driekie en Angelique Strydom 6912955
- BESKUIT en BROOD: Marina Claassen 6912880
- KOMBUIS: Selma de Klerk 0845500554
- SOSATIES EN HOTDOGS: Aletta Hanekom 6932710
- POEDING: Annie van Zyl 6930440
- KINDERTAFEL: Jeanne Smit 6911450 of 0842843378
- PANNEKOEK: Driekie Muller 6904372 of 0762377928
- GROOT KOEKE/TERTE: Elise Claassen 6912813
- KERRIEVIS: Willa Thomas 0826643968
- TEETUIN: Marie Lofty-Eaton 0721422313
- WIT OLIFANTE: Dries Wheeler 6934504 en Tobie de Kock 0823271045
- MARK en GESKENKE: Carina Beyers 0825643633 of 6912426
- TUISGEMAAKTE LEKKERS: Elise Herselmann 6933776 of 0835606781
- PASTEIE: Joey de Jager 0732988142
- VLEISTAFEL: André Kritzinger 6932462
- POTJIEKOS: Leon en Lizzie Heunis 0835665888

Die volgende word benodig:

* Polistreenbakkies, foelieborde en 2L Roomysbakke
* Hoender vir die pasteie
* Skaap, bees, en varkvleis vir die vleistafel
* Vis vir Kerrievis
* Margarien, eiers, kookolie en suiker
* Helpers vir die afkook van wild
* Helpers om brood of koekies te bak
* Heuning, plantjies, mooi goedjies vir geskenke (handgemaak)





# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 20 Augustus 2017**

*"In die evangelie kom juis tot openbaring dat God mense van hulle sonde vryspreek enkel en alleen omdat hulle glo". (Romeine 1:17)*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir Alta du Toit Skool.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 7-8 ontmoet oom Johan by die saal na die diens. Gr 9 vergader 10:00 in die kerk. Gr 10-11 soos deur ds André en ds Robert gereël.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee sal u graag na die diens voor die kansel wil ontmoet.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENS:** Om 09:00 in die kerk (ds Danie) en 09:30 op Vleesbaai (ds André).

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir die Blommekomitee.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 7-8 ontmoet oom Johan by die saal na die diens. Gr 9 vergader 10:00 in die kerk. Gr 10-11 soos deur ds André en ds Robert gereël.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

Ds Danie: Maandag 15:00 in Santos 2 sitkamer.
Dinsdag 09:30 in die konsistorie.

Ds André: Dinsdag om 09:30 Bybelstudie in die saal.

Ds Robert: Dinsdag om 09:00 Bybelstudie te 17de Laan pastorie en om 19:00 Tienie Bothastr. Boekleesgroep 19:00 te 17de Laan 18.

**Dinsdag:** Saambidgeleentheid om 17:15 in die konsistorie. Almal welkom.

**Donderdag:** Om 06:00 bid die manne saam in die kerksaal (onder verhoog).

***Onthou ons gemeente se webblad is: www.suidkerkmsb.co.za***

**BANKBESONDERHEDE**

**Dankoffers:** *Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*

**Geloofsoffers:** *Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

## BELANGRIKE INFO

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Magdalenahuis was R2326-00.

**NUWE LIDMATE:** Johannes H Stander en Maria F Stander (Kenani Aftreeoord) vanaf Welgeluk Oudtshoorn. Shaun Crozier, Deloraine Crozier, Shani Crozier (doop) en Geon Crozier (doop) (Boekenhoutstr) vanaf Hartenbos. Hartlik welkom!

**KOSKAS:** Augustus is **Streek B** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Navrae by Joey (073 2988 142).

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die saal bedien. Kom kuier lekker saam en leer mekaar beter ken.


**BENODIG VIR BASAAR:** Potplante, tweedehanse speelgoed, handwerk soos vir klein geskenke, oorgetrekte hangers, ingelegde produkte, protea's en ander blomme, heuning, ens.

**TE KOOP:** Pekanneute in dop (R100/kg of R50/500g) is by die kerkkantoor te koop.

**KOM WEES DEEL:** Woensdae vanaf 10:00—12:00 kuiergroepie vir dames. Bring jou brei– of hekelwerk kom kuier heerlik saam in die kerksaal.

**70 PLUSSERS:** Funksie verskuif na Woensdag , 27 September 2017.

**HULP BENODIG:** Dringend dames nodig om te help hoenderpasteie maak vir die basaar. Alle bestanddele sal voorsien word. U plaas dit in die vrieskas, ons kry dit by u en bak dit. Kontak Joey by 0732988142 of 044-6910116.




### 40 DAE met VREUGDEVOL VRY

Vyfhonderd jaar tevore was die waarheid van die evangelie op die spel. Martin Luther se lees van Hab 2:4 en Rom 1:17 het daartoe gelei dat hy op 31 Oktober 1517, 95 stellings op die kerk in Wittenberg se deur vasgespyker het. Die BYBEL is duidelik: net JESUS kan jou red. En hierdie verlossing is sonder ons eie verdienste op grond van God se GENADE, en jy ontvang vryspraak alleen deur GELOOF. Maar Hy red jou tot 'n lewe wat AAN GOD AL DIE EER bring.

Ons is, saam met 145 gemeentes landswyd, besig met 'n reeks getiteld *Vreugdevol Vry*.

Vandag se temas is:
Ontvang rus - net geloof




**LIEDBOEKE:** Ons vra dat lidmate wat die harde rooi omslag liedboekies het, wat hulle nie meer gebruik nie, vir Vleesbaai gemeente sal skenk. Ons het nie 'n skerm en tru projektor om die woorde van die liedere te vertoon nie. Vakansietye is dit 'n probleem wanneer ons baie besoekers het. Indien ons genoeg boekies kan kry, het ons nie nodig om kostes aan te gaan om die huidige blou afgerolde Sangbundels aan te vul nie. Handig dit asb in by die kerkkantoor. Dankie.

**DANKFEES VLEISWERK:** Maandag, 28 Augustus en Dinsdag, 29 Augustus.

**EREDIENSTE:** Vleesbaai eredienste begin vanaf 3 September om 09:00.



## GEBEDSBULLETIN

### *Tema vir Augustus: Vroue en Moeders*

**Hierdie week se DANKSEGGING:**

* Vroue in die kerk - predikante, sinodale amptenare, skribas, kosters, jeugwerkers, ens.
* Vroue se rol by speelgroepe, kleuterskole en grondslagfase.
* Ma's wat, behalwe hul huishoudings, voltydse beroepe beoefen om te voorsien vir hulle gesinne.
* Reformasie 500: Die redding uit geloof (sonder enige verdienste van ons kant af) - dat ons VREUGDEVOL VRY kan leef.
* Reën die afgelope week.

**Hierdie week se VOORBIDDING:**

* Alta du Toit skool (KUILSRIVIER) gee onderrig aan leerders (6 – 18 jaar) wat intellektueel erg gestremd is en nie in die hoofstroom onderwys met akademiese vakke kan aanpas nie. Leerders uit alle kulture kan volgens eie vermoë en tempo ontwikkel in vakke soos selfversorging, kommunikasie, huishoudelike take, koekbak, mandjievleg, brei, sement- en tuinwerk en eenvoudige begrip van godsdiens.
* Mense wat leef met onverwerkte seer, met haat en wraakgedagtes. (Dink bv aan slagoffers van die Lonmin-gebeure).
* Huishoudelike of gesinsgeweld - bid vir gesonde gesinswaardes.
* Augustus is Barmhartigheidsmaand in die NG Kerk. BADISDA se dienste bereik jaarliks meer as 700 000 mense (160 maatskaplike werkers en meer as 2000 vrywilligers).
* Vir oplossings tov Mensehandel/Orgaanhandel. Dis die tweede mees lonende "besigheid" wêreldwyd en miljoene se lewens word daardeur verwoes.
* Genoeg reën sodat die Weskaap se damme kan vol word.
* Dankfees van 1 September.
* Op 22 en 23 Augustus sal daar 'n eerste-van-sy-soort-gebeurtenis in die George-omgewing afspeel, wanneer al 10 voorsitters van die NG Kerk se sinodes met die 7 voorsitters van die VGKSA se sinodes vergader. Nog nooit het die kerkleiers van die twee kerke so vergader nie. Bid dat dit 'n rigtinggewende gebeurtenis sal wees.

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

Ria Steyn Santos Haven, Heila du Toit Santos Haven, Pierre Swart Kokerboomstr, Henri Viviers Nuture Park 32, Des Russell Nuture Park 42, Neels Warden Koraalboomstr, Johan Meyer 12de Laan, Louis Botha Cecil Shepherdstr, Willie le Roes Boalndpark, Nettie Pienaar van Mckinnerystr, Marianne Pauw Boggomsbaai, Lien Johnson Vleesbaai, Johann Honiball Vleesbaai, Riekie Janse van Rensburg Plaas Misgunst, Madeleine van Eeden Vleesbaai.